Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Woonplekke(6)

Gebruike en Gewoontes in die Bybel: Woonplekke(6) Hennie Stander

Water

Water is altyd saam met brood gesien as dit wat noodsaaklik is vir die menslike bestaan (1 Samuel 25:11; 1 Konings 18:4). Juis daarom het stede ook ontstaan in die nabyheid van waterbronne. So ‘n put of fontein was gemeenskaplike besit en die vrouens het die water daarvandaan na hul huise gedra. ‘n Mens wat sy eie put gehad het, was baie bevoorreg en ons lees dat koning Sanherib van Assirië aan die Israeliete beloof het dat, indien hulle hulself aan hom sou oorgee, elkeen sy eie put sou hê (2 Konings 18:31). ‘n Goed toegeruste huis het ook sy eie sisterne (opgaarbakke) gehad waarin reënwater opgevang is.

Daar is argeologiese getuienis gevind dat verskeie stede waterkanale gehad het. By Megiddo, byvoorbeeld, is daar ‘n uitstekende watervoorsieningsisteem gevind wat waarskynlik uit die dae van Koning Agab dateer. By Jerusalem het argeoloë die Siloam-tonnel ontdek. Hierdie tonnel het water na die stad gebring van die bron Gihon af. 2 Samuel 5:8 verwys heel moontlik na hierdie tonnel. Voorts is daar ook etlike putte in die stede gegraaf.

‘n Bedoeienmeisie skep water uit ‘n put in die woestyn. Let op die waterbak (sistern) Iangsaan die put.

Daar was geen sanitasiesisteem in gewone huise nie, alhoewel daar later goeie dreineringsisteme gebou is, soos byvoorbeeld in Sesarea en by die Tempel in Jerusalem. Nogtans is daar streng gesondheidswette in die Torah uitgespel (dit is byvoorbeeld in Deuteronomium 23:13 bepaal dat gedurende oorlogstyd menslike ontlasting in gate begraaf moes word).

Huise vir die rykes

Een van die verskille tussen ‘n huis van ‘n ryke en ‘n huis van ‘n arme het gelê in die teenwoordigheid van ‘n binnehof al dan nie. In sy eenvoudigste vorm was so ‘n binnehof bloot ‘n ommuurde vierkant wat aan die huis toegevoeg is. Maar so ‘n binnehof het ‘n groot verskil gemaak. Diere kon “buitekant” die huis gehou word; daar kon ook in hierdie vierkant gekook word; die trappe van die dak kon daarop uitloop en dus was toegang tot die dak meer beperk; waterbakke kon daar aangehou word, ens.

Die meer vermoëndes kon twee of meer addisionele vertrekke aanbou wat aan die binnehof aangegrens het. Sommige van hulle het ook ‘n ekstra kamer op die dak aangebou (2 Konings 4:10; sien ook Handelinge 1:13; 9:37,39; 20:8). Die rykes kon hul huise van gekapte klip maak (Amos 5:11) en ook baie marmer inbou (Ester 1:6). Afwerkings is met sederhout en ander houtsoorte gedoen (Jeremia 22:14; Haggai 1:4). Ivoorinlegsels in die mure het tot gevolg gehad dat daar selfs van “ivoorhuise” gepraat is (1 Konings 22:39; Amos 3:15). Welgesteldes het selfs verskillende huise gehad vir die somer en die winter sodat hulle meer gemak kon hê in die onderskeie seisoene (Amos 3:15).



Die binnekant van ‘n huis van ‘n ryk familie. Dit is duidelik beinvloed deur Romeinse smaak. Let op die sentrale area (of “atrium”) met ‘n groot bad onder ‘n groot opening in die dak.

Skrywer: Prof Hennie Stander